Liplekker *liefde*

Die feit dat Martin lekker kan kook, het Lisa van dag een af baie beïndruk. Min het sy geweet dat hy op hulle groot dag met 'n hartroerende toespraak en 'n worsroltrokkie haar voete weer onder haar sou uitslaan.

Ons storie...

"Ons het ontmoet deur 'n vriend wat saam met my by die Universiteit van Kaapstad studeer het. Hy en Martin was woonstelmaats. Na ek in die woonstel twee vloere onder hulle ingetrek het, het hulle my genooi om by hulle te kom eet. Ek het ingestem, mits ek die nagereg kon bring. So het dit toe gebeur dat ek gereeld saans by hulle gaan eet het. Ons het almal goeie vriende geword.

Ek dink die feit dat Martin so goedhartig en hulpvaardig is wanneer dit by sy familie en vriende kom, is die ding wat my na hom toe aangetrek het. Een aand het Martin my uit die bloute gesoen en daarna het ons twee al hoe meer alleen gekuier.

Ek het besluit om Londen toe te trek en 'n rukkie later, toe die verlange te veel word, het Martin my gevolg. Ons het vir vier jaar daar gebly.

Martin het besluit om terug te trek Kaap toe om sy eie besigheid te begin en ek het natuurlik saam teruggekom."

Ons verlowing...

"Op 'n dag het hy my oorreed om saam met hom met 'n 'poegie' teen Tafelberg op te ry. Oppad terug het ons op 'n bankie gaan sit wat oor die hele stad uitkyk. Hy was baie senuweeagtig omdat daar mense in die omtrek was en het probeer om hulle van die bankie af weg te kry. Soos hulle wegbeweeg het, het hy vinnig op sy knie gegaan en my gevra om met hom te trou."

Ons troue...

"Ons het die troue saam beplan en elkeen van ons was verantwoordelik om iets spesifieks te doen. Ek het Kleinevaleij op 'n *blog* gesien en geen ander plek kon by hulle kersvashou nie. Hannes van Kraak het ons baie gehelp met ons keuses en ook vir Jani B as fotograaf voorgestel. Daarna het alles self in plek geval.

Die dag voor die troue het ons 'n partytjie by Diemersfontein se swembad gehou om seker te maak dat ons kwaliteittyd saam met ons gaste spandeer en niemand afskeep nie. Dit het ons troudag sommer baie rustiger gemaak. Dit was heerlik om soos *celebs* ontvang te word, nadat ons klaar foto's geneem het."

"Martin se toespraak was hartroerend en die res van die aand het vlot verloop. Die gaste was gaande oor die *slo-mo video booth* en teen elfuur is die gaste na buite geroep, waar 'n kostrokkie op hulle gewag het. Die boereworsrolletjies was fantasties en was die perfekte einde vir die aand."

Ons raad...

"Leer om te delegeer. Moenie probeer om alles self te beheer nie. Al waarop jy op jou groot dag moet fokus, is om betyds gereed te wees en mooi te lyk.

Laat ander mense die res doen. Ons troukoördineerder was 'n staatmaker. Hy was altyd kalm en in beheer en het gehelp om ons drome vir die dag waar te maak.

Gaan vir dansklasse, nie net om te leer dans nie, maar ook om mekaar beter te leer ken en saam pret te hê."

Artikel: Annelien van Basten

Foto's: *Jani B Photography.*

doen-dit-self idees

Wat as dit begin reën by 'n buitelugtroue?

"Daar is nie regtig 'n oplossing vir iets soos reën of wind nie. Hieronder is voorsorg wat julle kan tref, om alles in julle vermoë te doen om die situasie te probeer red as Moeder Natuur nie wil saamspeel nie:

- Hou altyd 'n tent op bystand. Al moet jy 'n deposito betaal en dit verloor, is die gemoedsrus die moeite werd.
- Begin die weer twee weke voor die troue dophou. Dit gee jou genoeg tyd om die nodige reëlings te tref vir koue, wind of reën.
- Stel iemand aan om dinge vir jou te doen. Moenie die verantwoordelikheid op jouself neem om seker te maak dat almal gemaklik is by die troue nie. As jy gemoedsrus wil hê, is Kleinevalleij die perfekte keuse vir jou buitelugtroue.
- Beplan die seremonie en onthaal naby 'n area wat beskut is, sodat daar vinnig geskuif kan word indien dit onverwags begin reën of die weer nie na wense uitdraai nie.
- Begroot van die begin af vir onvoorsiene omstandighede.
- Maak vrede met hoe die weer op jou troudag uitspeel. Dit klink dalk makliker gesê as gedaan, maar jy sal jouself baie ongelukkigheid spaar as jy dit kan aanvaar. Dit is nou maar eenmaal so dat daar sekere dinge is waaraan jy niks kan verander nie. Jy gaan steeds 'n ongelooflike dag hê en boonop ook 'n storie om te vertel. So geniet elke oomblik!"

Waarmee kan die gevolg help?

"Blomme wat buite staan, kan maklik in die warm son verlep, veral in Suid-Afrika waar dit soms baie warm kan word. Reël vooraf met die bloemis om die blomme in 'n koel plek te bêre. Vra jou gevolg om dit net voor die onthaal begin te gaan haal en op die tafels uit te pak."

Raad: Hannes van Kraak

Diensverskaffers

Plek: Kleinevalleij, www.kleinevalleij.co.za
Koördinering: Kraak, www.kraak.co.za
Spyseniering en drankies: Pauline Schreuder Catering, Las Paletas, Die Worsrol www.paulineschreudercatering.yolasite.com, www.laspaletas.co.za, www.dieworsrol.co.za
Blomme: Elle Fleur, www.ellefleur.co.za
Dekor en verhuring: Kraak, www.kraak.co.za
Skryfbehoeftes: Ontwerp deur die strooimeisie. Gedruk deur Paper Paradise, www.paperparadise.co.za
Troukoek: Versier deur die strooimeisie. Gebak deur Once upon a Birthday, www.facebook.com/onceuponabirthday
Foto's: Jani B, www.janibphotography.co.za
Video: Bring Back Choirboy, www.bringbackchoirboy.co.za
Musiek: Hey Mr DJ, www.heymrdj.co.za
Trourok: Elbeth Gillis, www.elbethgillis.co.za
Hare en grimering: Smudge, www.smudge-makeup.co.za